Gauteng Onderwysdepartement

Laerskool Elspark

Skoolhoof: hoof@lselspark.co.za
Administratief: judith@lselspark.co.za
Webwerf: www.laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 Elspark 1418
Tel: (011) 893-2024/5
Faks: (011) 916-1963

Geagte Elsparkie mamma en pappa,

Ons as personeel besef dat dit vir u as ouer moeilik gaan wees om 'n heenkome vir u kind te vind, indien die kleuterskool sou sluit vir die volgende 4 weke. Ons het verskillende opsies oorweeg en tot die volgende besluit gekom.

Die kleuterskool sal voorlopig oop wees tot en met Woensdag, 5 Augustus 2020. Ouers kan hul kleuters die 5de Augustus normale tyd by die kleuterskool kom haal. Dit is dus tussen 12:30 en 13:30. Die naskool sal vir hierdie tydperk normaal funksioneer.

Ons het besluit op 'n kort reses vir ons kleuters wat in werking sal tree Donderdag, 6 Augustus tot en met Dinsdag, 11 Augustus 2020. Die kleuterskool sal dus weer oop wees vanaf Woensdag, 12 Augustus 2020.

Naskool
Die naskool sal ook gesluit wees Donderdag, 6 Augustus en Vrydag, 7 Augustus 2020. Maandag, 10 Augustus is 'n vakansiedag (Vrouedag). Die naskool sal dan weer oop wees vanaf Dinsdag, 11 Augustus 2020 om 07:00 tot 17:30.

Ons as personeel dink aan al ons ouers en kleuters in hierdie moeilike Covid-19 tydperk. Hou goeie moed, ons sal wel hierdeur kom!

Groete,
Elsparkie personeel

T. Botha
Kleuterskoolhoof

W.F. Gericke
Skoolhoof